# HOOFSTUK 8

# DIE VERSKUIWING VAN DIE PIETERSBURGSE KONSENTRASIEKAMP GEDURENDE FEBRUARIE 1902

## 8.1 DIE REDE VIR DIE VERSKUIWING VAN DIE KAMP

Die mees waarskynlike rede vir die verskuiwing van die kamp is die aanval daarop deur generaal C.F. Beyers[1] aangesien die bevel vir verskuiwing kort na die aanval ontvang is.[2]

Die Dameskomitee het dit nie as wys beskou om 'n hele kamp na Natal of die Oos-Kaap te verskuif nie. Hulle het gevoel dat die risiko wat geloop word om soveel mense - wat veral baie ou mense en jong kinders ingesluit het - per trein te skuif, te groot was. Hulle het wel aanbeveel dat kampe soos Mafeking, Vredefort, Standerton, Kroonstad en Nylstroom verskuif word en wel om gesondheidsredes. Wat Nylstroom betref het die Dameskomitee aangevoer dat dié kamp in 'n malaria-distrik lê. Dié kamp is wel ook na Irene verskuif. Die Dameskomitee het egter nooit aanbeveel dat die Pietersburgse konsentrasiekamp verskuif moes word nie en daar is geen gegewens in die amptelike dokumente wat daarop dui dat dié kamp om gesondheidsredes verskuif is nie.[3]

---


[1] Northern Review, Pietersburg 1976, 90 Years of Progress; S.J. Lee, Die Pietersburgse konsentrasiekamp en kampkerkhof, p.24; K. Geertsema, Pietersburg konsentrasiekamp 11 Mei 1901-31 Desember 1902, p.8.

[2] FK 613: Colonial Office 417/350, vol.3, 1902, p.373; DBC: Director of Burgher Camps, March 1900-August 1905, band 12, Report to 18th February 1902.

[3] Cd. 893: Report on the Concentration Camps in South Africa by the Committee of Ladies appointed by the Secretary of State for War, 1902, pp.19, 20, Concentration Camps Commission, General Report, December 12th 1901. Sien hoofstuk 4, inspeksies, vir Dameskomitee.

KAART NR. 2

## GENERAAL C.F. BEYERS SE AANVAL OP DIE KONSENTRASIEKAMP 23 JANUARIE 1902




Die kaart is saamgestel uit gegewens verkry uit die Britse Blouboeke, die kaart van L. Maré in die Huisgenoot, 19-1-1951 en van mev. S de Jager, Pietersburgse museum.

Op 8 Januarie 1902 meld generaal Beyers in 'n brief aan generaal L. Botha dat hy baie in sy optrede gestrem word weens die feit dat hy nie oor genoeg perde beskik het nie. Hy het daarop besluit dat hy sou probeer om sy benodigdhede van die vyand te verkry.'n Tog suidwaarts, tot so ver as Warmbad en Nylstroom, het egter niks opgelewer nie, waarna Beyers besluit het om die Britse besetting van Pietersburg 'n besoek te bring.[4]

Alhoewel die vyand van Beyers se bewegings geweet het, het hy nogtans in die vroeë môre van 23 Januarie 1902 met 'n veertigtal burgers die konsentrasiekamp bestorm.[5] Hy het aan sy burgers bevel gegee om glad nie te skiet nie, tensy uit selfverdediging. Geen enkele skoot is deur die burgers gevuur nie, maar nogtans het die Engelse na die stasie gevlug.[6] Meneer J.E. Tucker, die hospitaalmatrone en dokter D. Henderson is aangehou totdat die kommando die kamp verlaat en 141 mans en 10 seuns met hul saam geneem het. Vier mans het die volgende nag egter weer na die kamp teruggekeer.[7]

---

4 G.D. Scholtz, "Genl. Christiaan Beyers en die stryd in die Noorde", in J.H. Breytenbach (red.), *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog*, p.198.

5 G.D. Scholtz, *Genl. Christiaan Frederik Beyers 1869- 1914*, p.83, F.M. Maurice, *Official history of the War in South Africa, 1899-1902, compiled by direction of His Majesty's government*, vol.IV, p.446; A.M. Grundlingh, *Die "Hendsoppers" en "Joiners"*, p.212.

6 J.F. Naude, *Vechten en vluchten van Beyers en Kemp "bôkant" de Wet*, p.270; L. Maré, "Verraad in die kamp (Rampspoedige strooptog 49 jaar gelede)", in *Die Huisgenoot*, 19 Januarie 1951.

7 FK 609: Colonial Office 417/349, vol.4, 1902, p.736; DBC: Director of Burgher Camps..., band 12, 31st January 1902, Monthly Report. (G.D. Scholtz, *Genl. Beyers...*, p.83, noem 150 man wat uitgehaal is; F.M. Maurice, *History of the War...*, p.446 noem 148.)

## 8.2 DIE VERSKUIWING VAN DIE KAMP NA COLENSO, NATAL, FEBRUARIE 1902

Vroeg in Februarie 1902 het Tucker bevel ontvang dat die hele kamp na Colenso in Natal verskuif moes word.[8]

Die opbreek van die konsentrasiekamp het onder die beheer en toesig van majoor Jackson geval.[9]

Mevrou J.A. Mollett van P.K. Doornboom skryf van die aanval op en verskuiwing van die kamp dat die toestand in die kamp onveranderd gebly het totdat generaal Beyers met sy kommando in die nag die kamp ingekom het en hulle toe na Natal gestuur is. Die Engelse het die kampinwoners op waens na die stasie toe gestuur, maar wel so baie op 'n wa gelaai dat almal nie eens kon sit nie.[10] Op die 12de Februarie 1902 het die eerste twee treinvragte Pietersburg verlaat. Daarna was daar daagliks vragte tot die laaste vrag Pietersburg op die 18de Februarie 1902 verlaat het. Op dié wyse is daar 557 mans, 1087 vrouens en 1212 kinders, 'n totaal dus van 2856 mense, na Colenso verskuif.[11]

Twee personeellede en tien kampinwoners het aanvanklik weens siekte agtergebly. Die twee personeellede asook vier van die kampinwoners was

---

[8] FK 613: Colonial Office 417/350, vol.3, 1902, p.373; DBC: Director of Burgher Camps..., band 12, Report to 18th February 1902.

[9] DBC: Director of Burgher Camps..., band 12, 28th February 1902, Monthly Report.

[10] M.M. Postma, *Stemme uit die vrouekampe gedurende die Tweede Vryheids Oorlog tussen Boer en Brit van 1899 tot 1902*, p.25.

[11] DBC: Director of Burgher Camps..., band 12, Report to 18th February 1902.

siek aan ingewandskoors, een kampinwoner het tering gehad en 'n ander longontsteking. 'n Dogtertjie van twee jaar oud en 'n babatjie is intussen dood.[12] 'n Afdeling van die hospitaal het dus bly voortbestaan onder beheer van dokter Bletchly en dit sou eers verskuif word wanneer bogenoemde siekes gesond genoeg was om na Colenso te reis.[13]

Die oorblywende tente en die res van die kamptoerusting is per spoor na Colenso gestuur. Die boumateriaal wat van die Departement geleen is om die kampinwoners aan te moedig om vir hulle huisies in die kamp te bou, is versigtig verwyder en op 'n erf in die dorp - wat as voedselvoorraadplek gedien het - gestoor.[14]

## 8.3 DIE REIS NA EN VERBLYF IN NATAL

Die kampinwoners is per trein na Natal geneem. Mevrou Mollett noem dat die reis na Colenso vier dae geduur het en dat hulle tydens die reis nie 'n koppie koffie of 'n warm ete gekry het nie.[15]

Mevrou L. Alberts meld in haar herinneringe dat alhoewel dit tydens die reis na Natal baie gereën het, is hulle nogtans in 'n oop beestrok vervoer.[16] Mevrou Betty Hofmeyr skryf ook dat hulle in oop beestrokke vervoer is terwyl dit baie gereën het. Op pad is hulle baie deur swartes

---

[12] DBC: Director of Burgher Camps..., band 12, Medical Report for part of February 1902.

[13] FK 613: Colonial Office 417/350, vol.3, 1902, p.373.

[14] DBC: Director of Burgher Camps..., band 12, 28th February 1902, Monthly Report.

[15] M.M. Postma, *Stemme uit die vrouekampe...*, p.25.

[16] M.M. Postma, *Stemme uit die vrouekampe...*, p.62.

en soldate bespot. Op Glencoe waar hulle trein in die stortreën gestaan het, het soldate hulle bespot en gesê dit is hulle verdiende loon waarop hulle begin het om Psalms te sing.[17] Mevrou H. Venter vertel dat hulle op die oop beestrokke vervoer is en dat haar ouma met 'n seil vir hulle 'n skerm gemaak het wat hulle 'n bietjie teen die wind, son en reën beskerm het.[18]

Mevrou Mollett noem dat sy in verskillende kampe in Natal was en dat die behandeling daar effens beter was. Mevrou M.J.M. du Preez skryf egter dat sy vanaf Colenso na Pinetown gestuur is waar hulle geen tente gehad het nie en vir agt dae moes hulle in vuil huise bly wat so nat, vogtig en smerig was dat geen mens dit daarin kon uithou nie. Terwyl hulle in Pinetown was, het 'n vreeslike storm ook die helfte van die kamp weggeneem, alles onder sand begrawe en die inwoners moes vlug en skuiling soek.[19]

Mevrou Bettie Hofmeyr is eers na Colenso en vandaar na Pinetown gestuur. Sy skryf dat die treurigste daar was vir haar die feit dat die aptekers en sommige van die dokters sulke dronkaards was. 'n Verskriklike stormwind het die kamp een nag gedurende Junie 1902 getref, maar sy het gelukkig skuiling by 'n mejuffrou Scott op 'n plaas naby die kamp gekry.[20]

---

[17] E. Neethling, Mag ons vergeet?, p.216.

[18] Persoonlike onderhoud met mev. Hermiena Venter op 13 April 1987 te Pietersburg.

[19] M.M. Postma, Stemme uit die vrouekampe..., pp.25, 28.

[20] E. Neethling, Mag ons vergeet?, p.217.

Mevrou Venter vertel dat die kamp op Colenso die beste was. Vandaar is hulle ook na Pinetown gestuur. Sy kan haar die stormwind wat die kamp getref het baie goed herinner en veral hoe die mense rondgehardloop het om hul besittings op te tel. En daar in Pinetown het hulle in 'n Sondagskoolklas gehoor dat die vrede gesluit is.[21]

Mevrou Aletta de Jager meld dat sy op die oop trok met 'n seil 'n skuiling vir haar sterwende kind gemaak het. Op Colenso aangekom het sy dadelik na 'n dokter verneem, maar hy het vier dae lank beskonke gebly. Toe hy uiteindelik kom, was dit te laat en haar kind is dood. Sy meld dat dit in Pinetown beter gegaan het daar hulle gereeld besoek van leraars ontvang het, gereeld kerkdienste gehad het en gereeld briewe van hul mans ontvang het.[22]

Mevrou Ellie Naude is na Howick in Natal gestuur waar sy weer in 'n ronde tent gebly het. Sy moes egter ver stap om water in die rivier te gaan skep en sy moes ook self vuurmaakhout versamel. Sy kla dat sy soms vir twee dae agtereenvolgens van die oggend tot die aand in reën en son by die voedseldepot gestaan het om rantsoene te ontvang. Vanaf Howick is sy na die Wentworth Kamp naby Durban gestuur.[23]

Mevrou Sue Nicholson van Matiebaskraal, Pietersburg, het haar reeds saam met haar man in Howick, Natal, bevind toe die ander families uit Transvaal daar aangekom het en uit haar pen vind ons waardevolle

---

[21] Persoonlike onderhoud met mev. Hermiena Venter op 13 April 1987 te Pietersburg.

[22] E. Neethling, Mag ons vergeet?, p.223.

[23] E. Hobhouse, War without glamour or women's war experiences written by themselves 1899-1902, p.14.

inligting. Sy skryf dat dit vir weke aaneen gereën het, dat die grond deurdrenk en die paaie 'n modderige pappery was. Dan het die kampkommandant die oggend 'n telegram ontvang met die inligting dat 'n honderd families die middag sou arriveer. Hy kon dan net baie woedend uitroep waar hy tente op so 'n kort kennisgewing moes kry en dit dan nog op deurdrenkte grond moes opslaan. En gedurende die middag het die trein met sy oop trokke op die sylyn getrek. Die vrouens, kinders en hulle besittings was natuurlik deurnat. Sommige vroue het met stokke geloop, ander het hulle kinders so styf as moontlik probeer vashou om hulle so 'n bietjie warm te maak en vele was kaalvoet soos wat hulle skoene in die modder agtergebly het. Vyf mense is in 'n ronde tent gehuisves en indien 'n huisgesin uit meer as vyf lede bestaan het, moes die res hulle intrek by vreemdes neem. Sy noem dat tot die Engelse wat in die kamp werksaam was, aangegryp was deur dié gesig en dat sy 'n Ier hoor uitroep het: "Me God, that I should ever have lived to see such a sight". Sy meen dat dokter Hunter, die kampkommandant, nie vir die ellende blameer kon word nie aangesien hy nooit vroegtydig kennis gekry het van die aankoms van nuwelinge nie.[24]

Op die 31ste Mei 1902 is die Vrede van Vereeniging gesluit, maar die terugverskuiwing van die mense na Pietersburg het eers op die 2de Julie 1902 'n aanvang geneem.[25]

---

[24] E. Hobhouse, War without glamour..., pp.55-56.

[25] FK 975: Colonial Office 291/42, vol.5, 1902, p.709.

## 8.4 SAMEVATTING

Ten spyte van die Dameskomitee se aanbeveling dat 'n hele kamp liefs nie verskuif moet word nie daar dit 'n baie groot risiko is om soveel duisende mense te verskuif en die verskuiwing waarskynlik met lewensverlies gepaard sal gaan, het die Britse owerheid dit nogtans goedgedink om die Pietersburgse kamp te verskuif.

Die vervoer in die oop beestrokke vir etlike dae terwyl dit baie gereën het, het beslis die mense se ontbering vergroot en het ook tot lewensverlies gely. Vir vele was die onvoorbereidheid van die Natalse kampe om hulle te ontvang, swak tentbehuising, swak mediese dienste en die belewing van 'n storm aldaar, maar net 'n voortsetting van die harde lewe van die afgelope tien maande. Daar was tog diegene wat die verskuiwing ten goede gevind het en wie se gesondheid as gevolg van die klimaatsverandering baie verbeter het.